# DIE VERDELING VAN PENSIOENBELANG BY EGSKEIDING 'N PRAKTIESE BENADERING

Skripsie aangebied deur **PETRUS CORNELIUS PELSER** ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die verwerwing van die graad

**MAGISTER LEGUM**

**met Boedelreg as hoofstudierigting**

aan die

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

ná voltooiing van 'n voorgeskrewe studieprogram oor twee akademiese jare en die suksesvolle aflegging van gevorderde eksamens in

**HUWELIKSGOEDEREREG**
**SAKEREG EN EIENDOMSWETGEWING**
**ERFREG**
**BELASTINGREG**
**BOEDELBEPLANNING**

**STUDIELEIER**: Prof I Vorster

## INHOUDSOPGAWE


**1 Inleiding** ........ **1**

**2 Die Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989** ........ **1**

**3 Tipe huwelike waarin "pensioenbelang" toepassing vind** ........ **2**

3.1 Huwelike binne gemeenskap van goedere gesluit voor of na 1 November 1984 ........ 3

3.2 Huwelike buite gemeenskap van goedere gesluit voor 1 November 1984 en waarop die aanwasbedeling nie van toepassing is nie ........ 3

3.3 Huwelike buite gemeenskap van goedere gesluit op of na 1 November 1984 en waarop die aanwasbedeling van toepassing is ........ 4

**4 Uitsluiting van "pensioenbelang"** ........ **4**

4.1 Huwelike buite gemeenskap van goedere en van wins en verlies wat na 1 November 1984 gesluit is en waar die aanwasbedeling uitdruklik uitgesluit is in die huweliksvoorwaardeskontrak ........ 4

4.2 Vorige egskeidingseise ........ 5

**5 Presisering van die begrip "pensioenbelang"** ........ **5**

5.1 Omskrywing van "pensioenbelang" ........ 5

5.2 Definisie van 'n "pensioenfonds" ........ 6

5.3 Omvang van 'n pensioenbelang ........ 7

**6 Pensioenbelang: Die inhoud van 'n skikkingsooreenkoms** ........ **8**

**7 Pensioenbelang: Die opstel van 'n skikkingsooreenkoms** ........ **10**

7.1 Riglyne vir die opstel van 'n skikkingsooreenkoms ........ 10

7.2 Die inhoud van 'n skikkingsooreenkoms ........ 11

7.3 Kennisname deur die fonds by ontvangs van 'n egskeidingsbevel ........ 12

**8 Enkele aspekte rakende rente en belasting ..... 13**

8.1 Die belasbaarheid van 'n pensioenbelang ..... 13

8.2 Belasting is betaalbaar by toevalling ..... 15

8.3 Lidgade betaal belasting ..... 15

8.4 Belastingvrystelling ten gunste van die nie-lidgade ..... 15

**9 Implikasies by die dood of insolvensie van een van die gades 16**

9.1 'n Nie-lidgade sterf voor die ontvangs van 'n "pensioen-belang" ..... 16

9.2 Boedelbelastingimplikasies vir die lidgade ..... 17

9.3 Die beskerming van "pensioenvoordele" ..... 17

9.4 Insolvensie van die nie-lidgade ..... 18

**10 Die wyse waarop betaling moet geskied ..... 18**

**11 Moontlike probleemoplossing ..... 20**

**12 Slotgedagte ..... 21**

**13 Bronnelys ..... iv**

13.1 Tydskrifartikels ..... iv

13.2 Verslae ..... v

13.3 Register van Regspraak ..... v

13.4 Register van Wetgewing ..... v

# 1 Inleiding

Sedert 1 Augustus 1989 is daar reeds baie gesê oor die nuwe benadering ten opsigte van die verdeling van die "pensioenbelang" ten tye van 'n egskeiding. Hierdie nuwe benadering het egter tot 'n oneindige aantal praktiese probleme aanleiding gegee. Die volgende vrae is al by herhaling geopper: wat presies word bedoel met 'n "pensioenbelang"? Wat is 'n "pensioenfonds" - om nie eens te praat van 'n "uittredingsannuïteitsfonds" nie? Bind die egskeidingsbevel die fonds of moet 'n bevel teen die betrokke fonds verleen word? 'n Kernvraag is natuurlik ook wie vir belasting aanspreeklik is.

Die oogmerk met hierdie artikel is om praktiese oplossings aan die hand te doen wat as riglyne gebruik kan word indien die verdeling van 'n "pensioenbelang" ten tye van 'n egskeiding op die tafel beland. Ondervinding in die praktyk het geleer dat die onderwerp nog deurgaans verkeerd geïnterpreteer en/of toegepas word.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 1994 begin om ondersoek in te stel na die hele kwessie rakende die verdeling van die "pensioenbelang" ten tye van egskeiding.[1]

Hierdie ondersoek is vanuit praktyksgeledere verwelkom omrede dit moontlik lig kan werp op van die praktiese probleme wat ook in hierdie artikel bespreek word.

# 2 Die Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989

Op 1 Augustus 1989 het die **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989 inwerking getree. Voor die inwerkingtreding van die genoemde wet kon gades nie deel in die pensioenverwagting van 'n lidgade tot 'n fonds nie,

---

1 Sien in hierdie verband die SA Regskommissie se werkstuk 43, Projek 41 oor die "Ondersoek na die moontlikheid om voorsienning te maak dat 'n geskeide vrou in die pensioenvoordele van haar voormalige gade kan deel: Aspekte rakende die **Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989**".

aangesien die pensioenverwagting van 'n lidgade nie as 'n bate in sy of haar boedel beskou is nie - dit is bloot as 'n hoop of verwagting (**spes**) beskou. Die huweliksgoederereg is dus in Suid-Afrika ingespan om spesifiek voorsiening te maak vir pensioenverdeling tussen gades in geval van egskeiding.

Die situasie voor die inwerkingtreding van die wet het myns insiens 'n onhoudbare situasie tot gevolg gehad aangesien betaalbare voordele in 'n pensioenskema eers realiseer by die aanbreek van 'n sekere *ontvriesingsgebeurlikheid* (byvoorbeeld aftrede en lewensgebeurlike, soos afsterwe en ongeskiktheidswording).[2] 'n Egskeiding is nie as 'n moontlike ontvriesingsgebeurlikheid beskou nie en die pensioenbelang van die lidgade was by egskeiding niks meer as 'n hoop of verwagting wat in die toekoms vir die lidgade kon realiseer nie. Die wetgewer het egter ingegryp en op grond van billikheid besluit dat die belange wat gedurende die bestaan van die gesinseenheid opgebou word (deur beide partye, hetsy dit dan as broodwinner of as tuisteskepper) tot voordeel van albei aangewend moet word.[3]

## 3 Tipe huwelike waarin "pensioenbelang" toepassing vind

Om die begrip "pensioenbelang" sinvol te bespreek en in behoorlike perspektief te plaas, moet vooraf ondersoek ingestel word na die vraag presies wanneer 'n "pensioenbelang" by egskeiding in die spel kom. Vermoënsvoordele waarop 'n party in 'n egskeidingsgeding geregtig is, word verskillend hanteer in die onderskeie tipes huweliksgoederestelsels wat vir huwelike in die Suid-Afrikaanse reg geld. Dit is dus belangrik om kortliks te kyk na die uitwerking wat "pensioenbelang" (as 'n geagte bate by bepaling van vermoënsvoordele) op die egskeidingsgeding het. Die bepaling ten opsigte van "pensioenbelang" is op alle huwelike van toepassing, behalwe

---

2 Sonnekus 1989 **TSAR** 326-327.

3 **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989.

huwelike buite gemeenskap van goedere (en van wins en verlies) wat na 1 November 1984 aangegaan is en waar die aanwasbedeling in die huweliksvoorwaardekontrak uitdruklik uitgesluit is.[4] (Sien paragraaf 11 hieronder in hierdie verband.)

### 3.1 Huwelike binne gemeenskap van goedere gesluit voor of na 1 November 1984

Elke gade is geregtig op 50% van die gemeenskaplike boedel by ontbinding van die huwelik. Die hof kan egter na aanleiding van bepaalde omstandighede beslis dat een gade sy/haar deel of 'n gedeelte daarvan verbeur.[5] Die "pensioenbelang" van albei gades (in gevalle waar albei lede van 'n fonds is) word by die gemeenskaplike boedel ingesluit.[6] Elke gade is dus geregtig op 50% van die ander gade se pensioenbelang, tensy die hof anders beslis of die partye onderling anders ooreenkom.

### 3.2 Huwelike buite gemeenskap van goedere gesluit voor 1 November 1984 en waarop die aanwasbedeling nie van toepassing is nie

Elke party het sy/haar eie boedel, losstaande en afsonderlik van die ander party se boedel. Die hof kan egter onder bepaalde omstandighede 'n herverdeling van bates gelas, sodat een party geregtig word op die bates of 'n gedeelte van die bates van die ander party.[7] Indien herverdeling ter sprake is, kan die gades se pensioenbelange in berekening gebring word.[8]

---

4 A 2 **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989.

5 A 9(1) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979.

6 A 7(7)(a) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979.

7 A 7(3) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979.

8 A 2(7)(c) **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989.

### 3.3 Huwelike buite gemeenskap van goedere gesluit op of na 1 November 1984 en waarop die aanwasbedeling van toepassing is

Elke party is by ontbinding van die huwelik geregtig op 50% van die verskil tussen die aanwas van die gades se onderskeie boedels.[9] Die hof kan egter onder bepaalde omstandighede beslis dat een gade sy/haar deel van die ander gade se aanwas, of 'n gedeelte daarvan, moet verbeur.[10]

Kragtens artikel 7(7) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979 moet die pensioenbelang in ag geneem word by egskeiding. Die pensioenbelang van 'n lidgade word dus geag deel te wees van die aanwas in sy/haar boedel.

## 4 Uitsluiting van "pensioenbelang"

### 4.1 Huwelike buite gemeenskap van goedere en van wins en verlies wat na 1 November 1984 gesluit is en waar die aanwasbedeling kontraktueel uitdruklik uitgesluit is in die huweliksvoorwaardekontrak

Die wetgewer het hierdie huwelike spesifiek uitgesluit van die toepassing van die agtende bepaling vervat in artikel 7(7)(c) van die **Wet op Egskeiding**. Geen party is dus geregtig op enige deel van die ander party se bates nie en die hof mag ook nie 'n herverdeling van bates gelas nie.[11] Aangesien "pensioenbelang" in hierdie geval nie 'n geagte bate is nie, is dit, soos in paragraaf 2 hierbo gestel, slegs 'n **spes** wat nie soos 'n bate verdeel kan word nie. Die partye sal dus onderling moet reël hoe hulle mekaar gaan

---

9 A 3 van die **Wet op Huweliksgoedere** 88 van 1984.

10 A 7(3) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979 ten opsigte van herverdeling van bates, geld nie ten opsigte van 'n huwelik waarop die aanwasbedeling van toepassing is nie.

11 A 7(3) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979 ten opsigte van herverdeling van bates geld nie ten opsigte van hierdie tipe huwelike nie.

kompenseer indien hulle 'n "pensioenbelang" wel in ag wil neem met die oog op die ontbinding van die huwelik.

### 4.2 Vorige egskeidingseise

Enige bedrag wat by 'n vorige egskeiding aan 'n ander party oorbetaal of toegewys is, of wat tot die voordeel van 'n ander party in berekening gebring is, word ingevolge artikel 7(7)(b)[12] van "pensioenbelang" afgetrek. Hierdie artikel vind dus toepassing ten opsigte van 'n lidgade wie se vorige egskeiding plaasgevind het op of na 1 Augustus 1989.

## 5 Presisering van die begrip "pensioenbelang"

### 5.1 Omskrywing van pensioenbelang

*Pensioenbelang* word uitdruklik in die **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989 omskryf:

> 'pensioenbelang' met betrekking tot 'n party in 'n egskeidingsgeding wat
>
> (a) 'n lid is van 'n pensioenfonds (uitgesonderd 'n uittredingsannuïteitsfonds), die voordele waarop daardie party as so 'n lid ingevolge die statute van daardie fonds geregtig sou gewees het as sy lidmaatskap van die fonds op die datum van die egskeiding beëindig sou geword het weens sy bedanking uit sy betrekking;
>
> (b) 'n lid is van 'n uittredingsannuïteitsfonds wat bona fide ingestel is met die oogmerk om lyfrentes vir die lede van die fonds beskikbaar te stel, en wat 'n pensioenfonds is, die totale bedrag van daardie party se bydraes tot die fonds tot op datum van die egskeiding, tesame met 'n totale bedrag van jaarlikse enkelvoudige rente op die bydraes tot op datum, bereken teen dieselfde koers as die koers wat op daardie datum deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1(2) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet 55 van 1975), vir die

---

12 A 7(7)(b) van die **Wet op Egskeiding** 70 van 1979.

doeleindes van daardie Wet voorgeskryf is;
(Omskrywing van 'pensioenbelang' bygevoeg by art. 1 van die Wysigingswet op Egskeiding, 7 van 1989.)

In die geval van 'n pensioenfonds is 'n "pensioenbelang" dus die voordeel waarop die lidgade geregtig sal wees indien hy/sy op datum van egskeiding sy/haar diens sou beëindig het - dit wil sê 'n uitdienstredingsvoordeel. (Dit moet beklemtoon word dat die belastingposisie verskil van die geval waar 'n persoon 'n voordeel ontvang by *aftrede*.)[13] Dit sluit normaalweg net die werknemer se bydraes in en nie ook die werkgewer se bydraes nie, afhangende van die dienstydperk van die werknemer of die duur van sy/haar lidmaatskap van 'n fonds. Indien die werknemer vir 10 jaar of langer lid was van 'n fonds, word die werkgewer se bydraes ook normaalweg aan die lid uitbetaal. 'n Lid van 'n pensioenfonds het dikwels 'n keuse tussen 'n kontantvoordeel en die oordrag van 'n groter bedrag na 'n ander goedgekeurde fonds.

In geval van 'n *uittredingsannuïteitsfonds* is die voordeel wat in ag geneem word by egskeiding die totaal van daardie lidgade se bydraes tot die fonds soos tot op datum van die egskeiding, plus die jaarlikse enkelvoudige rente op die bydraes tot op datum van egskeiding.[14] Hierdie rente word bereken deur die koers wat op datum van egskeiding deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1(2) van die **Wet op Voorgeskrewe Rentekoers** 55 van 1975 voorgeskryf is.

## 5.2 Definisie van 'n "pensioenfonds"

'n "Pensioenfonds" is 'n "pensioenfondsorganisasie" wat die volgende insluit: 'n *pensioenfonds* (dit is 'n fonds wat 'n enkelbedrag en jaargelde verskaf by *aftrede* of afsterwe), 'n voorsorgfonds (dit is 'n fonds wat slegs 'n enkelbedrag verskaf by *aftrede* of afsterwe) en 'n uittredingsannuïteitsfonds ('n fonds wat enkelbedragbetalings en jaargelde verskaf by afteedatum of afsterwe). 'n

---

13 Sien par 8 hieronder.

*Bewaringspensioenfonds* of *bewaringsvoorsorgfonds* word ook by hierdie omskrywing ingesluit. Hierdie is fondse waarin fondse vanuit pensioen- en voorsorgfondse oorgeplaas word vir 'n tussentydse periode totdat die datum van aftrede bereik word. Dit moet beklemtoon word dat 'n "*bystandsfonds*" nie 'n pensioenfonds is nie.[15]

Al bogenoemde fondse val onder die definisie van 'n "pensioenfonds". Dit is slegs moontlik vir 'n nie-lidgade om in 'n uitgestelde vergoedingskema te deel indien bewys kan word dat die skema ook onder die definisie van 'n "pensioenfondsorganisasie" val - wat onwaarskynlik is aangesien die skema met gewone uitkeerpolisse gekonstrueer word en nie deur die **Wet op Pensioenfondse** gereguleer word nie. Die **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989 geld ten opsigte van sodanige fondse, ongeag of die fonds kragtens artikel 4 van die **Wet op Pensioenfondse** 24 van 1956 geregistreer is of nie.[16]

## 5.3 Omvang van die pensioenbelang

Geen fonds kan meer as die pensioenbelang soos omskryf in die **Wysigingswet op Egskeiding**[17] aan 'n nie-lidgade oordra nie. 'n Nie-lidgade kan dus nie aandring op enige groei in die lidgade se pensioenbelang na datum van egskeiding nie. Die volgende uittreksel uit 'n brief wat deur 'n prokureur aan 'n fonds gerig is, is 'n voorbeeld van 'n verkeerde interpretasie van die begrip "pensioenbelang":

> Ons wil u egter graag net daarop wys dat ons kliënt nie net geregtig is op die pensioenbelang tot en met datum van egskeiding nie, maar ook geregtig is op alle toekomstige belange wat mnr. X toeval. Sal u asseblief dus u rekords dienooreenkomstig wysig.

---

14 Sien par 5.1 (b) hierbo.

15 A 4 **Wet op Pensioenfondse 24** van 1956.

16 Phillips 1990 **Businessman's Law** 153.

17 Wet 7 van 1989.

Aangesien die lidgade se opgelope pensioenbelang dikwels sy/haar waardevolste bate is - selfs meer as byvoorbeeld sy/haar woning - is dit belangrik dat die verdeling hiervan korrek bereken word op datum van egskeiding.

Indien 'n lidgade se pensioenbelang nie in die skikkingsooreenkoms genoem word nie, kan daar geargumenteer word dat die nie-lidgade stilswyend afstand gedoen het van sy/haar aanspraak op hierdie belang, of van 'n deel daarvan, of dat hy/sy iets anders (byvoorbeeld 'n motor) in die plek daarvan ontvang het.

Hierdie situasie kan aanleiding gee tot onbillikheid in 'n egskeidingsgeding waar een van die partye nie behoorlike regsverteenwoordiging gehad het nie, aangesien 'n nie-lidgade moontlik nie bewus sal wees van haar/sy reg op die waarde van enige deel van 'n lidgade se pensioenbelang nie. Dit is dus die taak van die prokureur om die kliënt behoorlik te adviseer oor die verdeling van pensioenbelang by egskeiding.

## 6 Pensioenbelang: Die inhoud van 'n skikkingsooreenkoms

Dit is nie net belangrik om presies te weet wat 'n pensioenbelang is nie, maar ook hoé om die toewysing van die pensioenbelang in 'n skikkingsooreenkoms korrek te bewoord en in te klee. Indien daar 'n aantekening in die fonds se rekords gemaak word, moet die volgende inligting onder andere in die ooreenkoms vervat word ten einde die ooreenkoms afdwingbaar te maak:

(a) Watter party se pensioenbelang ter sprake is – dié van die eiser of dié van die verweerder? Het die eiser ook 'n pensioenbelang en deel die verweerder daarin?

(b) Die persentasie (0-100%) van die pensioenbelang, soos omskryf in die **Wysigingswet op Egskeiding**[18] ten opsigte

18 Wet 7 van 1989.

waarvan 'n bevel gegee moet word, alternatiewelik uitgedruk as 'n vasgestelde bedrag, byvoorbeeld R30 500 (dertig duisend vyf honderd rand).

(c) Wanneer die bedrag betaalbaar is en hoe betaling moet geskied.

(d) Die naam van die fonds(e) waaraan die lidgade behoort.

(e) 'n Bevel aan die fonds(e) om 'n aantekening van die pensioenbelangverdeling in hulle rekords te maak.

Die volgende is 'n voorbeeld uit die praktyk van hoe die betrokke bepaling in die skikkingsooreenkoms **nie** moet lyk nie:

> The Plaintiff will cause an endorsement to be made on *his present pension fund* in accordance with the provisions of Section 7(7) of the Divorce Act No. 70 of 1979 as amended, within 30 (thirty) days from the date of the decree of divorce being granted by the above Honourabel Court." (Eie kursivering)

In hierdie skikkingsooreenkoms word daar nie aan een van die bogenoemde vereistes voldoen nie. Dit is onduidelik watter persentasie oormaking gedoen moet word en watter fonds betrokke is. Dit is verder onduidelik wanneer die bedrag betaalbaar sal wees. 'n Klousule soos die een hierbo is dus van geen waarde nie en geen pensioenfonds behoort hom deur so 'n bepaling te laat bind nie. Die moontlikheid dat hier uiteindelik 'n ontevrede en ongelukkige kliënt gaan wees, kan feitlik gewaarborg word. 'n Bepaling soos "die verweerder sedeer sy uittree-annuïteit aan die eiseres" is ook onaanvaarbaar, aangesien dit strydig is met artikel 37A van die **Wet op Pensioenfondse**[19] wat 'n verbod plaas op vermindering, oordrag of beslaglegging van pensioenvoordele. 'n Uittree-annuïteit is nie 'n polis nie. 'n Uittredingannuïteitsfonds is 'n fonds wat gestig word met die uitsluitlike doel om dit vir die individu moontlik te maak om sy/haar eie pensioen aan te

---

19 Wet 24 van 1956.

koop. 'n Lid van die uittredingsannuïteitsfonds mag nie met die uittree-annuïteit handel nie, byvoorbeeld om dit te laat afkoop, daarteen te leen, dit te sedeer of op enige ander wyse te vervreem of te verpand.[20] Daar moet dus seker gemaak word dat daar op die korrekte wyse met uittree-annuïteite gehandel word in 'n skikkingsooreenkoms tussen partye by 'n egskeiding.

## 7 Pensioenbelang: Die opstel van 'n skikkingsooreenkoms

### 7.1 Riglyne vir die opstel van 'n skikkingsooreenkoms

Uit 'n skikkingsooreenkoms wat behoorlik opgestel is, moet die volgende duidelik blyk:

- Wie die lidgade is en of laasgenoemde die eiser of die verweerder is;
- Die persentasie van die pensioenbelang wat verdeel word, of 'n behoorlik gespesifiseerde bedrag;
- Die fonds(e) wat ter sprake is;
- Voorsiening vir die berekening van die "pensioenbelang" in ooreenstemming met die omskrywing in die **Wet op Egskeiding**;
- Wanneer en ten opsigte van watter gedeelte van die enkelbedrag die betaling sal geskied.

Behalwe bogenoemde aspekte moet die volgende ook duidelik uit die ooreenkoms blyk:

- of die betrokke fonds(e) verwittig is en wie se verantwoordelikheid dit is;

---

20 A 37A **Wet op Pensioenfondse** 24 van 1956.

- of die fonds(e) behoorlik ingelig is met betrekking tot die egskeidingsdatum;
- of die fonds(e) beveel is om 'n aantekening te maak.

### 7.2 Die inhoud van 'n skikkingsooreenkoms

Die maklikste manier om aan te toon hoe die klousule wat handel oor pensioenbelang in 'n skikkingsooreenkoms tussen partye by egskeiding behoort te lyk, is om dit deur middel van die volgende voorbeeld te illustreer:

> Verweerder se pensioenfondsvoordele
>
> Die partye kom ooreen dat een helfte van die Verweerder se pensioenbelang soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Egskeiding, 70 van 1979 (soos gewysig), by (pensioenfondsnaam) aan die Eiseres oorgedra word by toevalling daarvan aan die Verweerder. Dit is die verpligting van die Verweerder om 'n kennisgewing van die skikkingsooreenkoms aan die (pensioenfondsnaam) te stuur sodat 'n aantekening in die rekords van die Pensioenfonds gemaak kan word dat daardie deel van die pensioenbelang aldus aan die Eiseres betaalbaar is. Die partye kom verder ooreen dat hierdie ooreenkoms 'n bevel van die hof gemaak word.
>
> (Met erkenning aan **SANLAM** Regsdiens: Korporatief.)

Daar moet op gelet word dat in die skikkingsooreenkoms voorsiening gemaak moet word, vir rente en belasting wat van toepassing sal wees op die pensioenbelang wat nou vasgestel is.[21] Dit kan soos volg bewoord word:

> Die partye kom ooreen dat daar, ten opsigte van dié gedeelte van die pensioenbelang wat aan Eiseres oorgedra moet word, rente teen 'n jaarlikse enkelvoudige koers van ...%, vanaf datum van egskeiding tot en met datum van toevalling aan die Verweerder, deur Verweerder aan Eiseres betaal moet word wanneer die bedrag aan Eiseres betaal word.
>
> Die partye kom ooreen dat die Verweerder 'n bedrag gelykstaande aan die belasting betaalbaar deur die Verweerder, op dié gedeelte van pensioenbelang wat ingevolge paragraaf (a) deur die Pensioenfonds aan Eiseres betaal word, van Eiseres kan verhaal. Die voordeel van die belastingvrye enkelbedrag sal proporsioneel tot voordeel van beide partye aangewend word.
>
> (Met erkenning aan **SANLAM** Regsdiens: Korporatief.)

---

21 Sien par 8 hieronder waar die belastingimplikasies bespreek word.

### 7.3 Kennisname deur die fonds by ontvangs van 'n egskeidingsbevel

Aangesien die fonds nie 'n party tot die egskeidingsgeding is nie, ontvang die fonds die skikkingsooreenkoms nadat dit 'n bevel van die hof gemaak is. Die onus rus op albei partye tot die egskeiding om te verseker dat die fonds kennis kry van die bevel, tensy dit die verpligting van die Verweerder kragtens die skikkingsooreenkoms is. Die fonds sal dus nie aanspreeklik wees indien dit nie kennis van die bevel gekry het nie en die totale voordeel aan die lidgade uitbetaal. As gevolg van die feit dat die fonds nie 'n party tot die geding is nie sal die fonds ook nie verantwoordelik wees vir die rente waarop daar tussen die partye ooreengekom is nie en die verweerder sal dus self daarvoor verantwoordelik wees.

Sodra die betrokke pensioenfonds 'n afskrif van die egskeidingsooreenkoms tussen die partye ontvang het, sal die fonds aan die nie-lidgade bevestig wat die omvang van die pensioenbelang is, wat vir verdeling beskikbaar is (die fonds is egter nie verplig om dit te doen nie). Die fonds sal verder bevestig dat betaling sal geskied sodra die lidgade geregtig word op enige van die voordele uit die fonds (byvoorbeeld by die plaasvind van een van die ontvriesingsgebeurlikhede). Ten einde praktiese probleme te voorkom, behoort die partye te skik oor die wyse waarop betaling moet geskied. Indien dit nie gedoen word nie, sal die fonds die enkelbedrag gebruik om die inkomstebelastingverpligting na te kom en die oorblywende gedeelte aanwend om sy verpligting teenoor die nie-lidgade na te kom. Die uitwerking hiervan is dat die lidgade gladnie 'n enkelbedrag ontvang nie, maar slegs 'n pensioen. Sou die enkelbedrag nie voldoende wees om hierdie verpligting teenoor die nie-lidgade na te kom nie, sal 'n gedeelte van die pensioen hiervoor aangewend word. Die lidgade sal dus vroegtydig vir homself/haarself voorsiening moet maak vir 'n aanvulling tot hierdie verminderde pensioen.

## 8 Enkele aspekte rakende rente en belasting

Dit word aan die hand gedoen dat dit wenslik is dat die partye ook ooreenkom ten opsigte van rente en belasting soos reeds deur middel van die voorbeeld in paragraaf 7.2 hierbo aangetoon is. Dit staan die partye vry om te bepaal dat daar 'n aktuariële berekening gemaak moet word ten opsigte van rente verdien op die nie-lidgade se persentasiegedeelte van die pensioenbelang vanaf die datum van egskeiding tot en met die datum van die uitbetaling daarvan. Die fonds kan uiteraard slegs 'n maksimum van 100% van die pensioenbelang soos op datum van egskeiding aan die nie-lidgade betaal. Die reëling met betrekking tot rente en belasting geld, soos reeds aangetoon, slegs **inter partes**. Verder behoort die partye ook voorsiening te maak vir die feit dat die volle enkelbedrag uit die pensioenfonds tans deur die Ontvanger in die lidgade se hande belas word.[22] Die wetgewing maak tans nie voorsiening vir betaling van belasting deur 'n nie-lidgade ten opsigte van enige bedrag wat van 'n fonds ontvang word wat kragtens hofbevel gelas word om by toevalling aan 'n lidgade, 'n betaling aan 'n nie-lidgade te maak nie.[23]

### 8.1 Die belasbaarheid van 'n pensioenbelang

Die belasbaarheid van enkelbedrae uit pensioen-, uittree-annuïteits- en voorsorgfondse word gereël deur paragraaf (e) van die omskrywing van "bruto inkomste" soos omskryf in die **Inkomstebelastingwet**.[24] Belasting is dus eers betaalbaar wanneer die bedrag die lidgade toegeval het of deur die lidgade ontvang is.

---

22 A 1 par (e) **Inkomstebelastingwet** 58 van 1962.

23 Sien in hierdie verband par 7.2 hierbo.

24 A 1 van die **Inkomstebelastingwet** 58 van 1962.

Indien onmiddellike betaling vereis word en die lidgade dus sou besluit om by egskeiding uit die fonds te bedank (ten einde die nodige kontant te bekom), is die belastingvrye enkelbedrag die grootste van:

a. R1 800 plus die bedrag direk oorgedra na 'n ander pensioen- of uittree-annuïteitsfonds; en

b. 'n bedrag gelykstaande aan bydraes nie voorheen vir inkomstebelastingdoeleindes afgetrek nie.[25]

Die belasbare gedeelte van die enkelbedrag word belas teen die hoogste gemiddelde belastingkoers van die lidgade ten opsigte van ander inkomste ontvang in die jaar van bedanking of in die voorafgaande jaar.[26] (Die belastingvergunnings ten opsigte van enkelbedragvoordele geld vir beide die gades wat afsonderlik belas word.) Die verweerder sal dus aanspreeklik wees vir al die belasting by die uitbetaling van die fondse en word dus benadeel ten opsigte van die gedeelte wat hy ontvang. Die verweerder moet dus seker maak dat voorsiening gemaak word vir die verhaling van belasting vanaf die eiser by die uitbetaling van die belang soos in die voorbeeld in paragraaf 7.2 hierbo uiteengesit. Indien hy/sy nie hiervoor voorsiening maak nie kan dit vir die lidgade, uit 'n belastingoogpunt gesien, gunstiger wees om by wyse van ooreenkoms 'n bate van gelyke waarde in die plek van die pensioenbelang aan die nie-lidgade aan te bied. Die pensioenfonds moet dus slegs as 'n laaste uitweg, en in die afwesigheid van ander bates, beveel word om die nie-lidgade se deel uit die lidgade se pensioenbelang te betaal. Bedanking uit 'n fonds kan alleenlik geskied by die bedanking van 'n werknemer by sy/haar werkgewer. 'n Verdere moontlike nadeel hieraan verbonde is dat die werknemer slegs lidbydraes, en nie ook werkgewerbydraes nie, ontvang indien hy/sy uit die fonds sou bedank.

---

25 Tweede bylae par 6 **Inkomstebelastingwet** 58 van 1962.

26 Sien vn 22 in dié verband.

## 8.2 Belasting is betaalbaar by toevalling

Die betaalbare voordele in die pensioenskema realiseer eers, soos reeds aangedui, by die aanbreek van sekere ontvriesingsgebeurlikhede (aftree-ouderdom, vroeë ongeskiktheid, vroeë dood, laat aftrede en bedanking). Eers dan kan die fonds die voordele aan die nie-lidgade betaal. Die voordele word dus eers belas by toevalling aan die lid.

## 8.3 Lidgade betaal belasting

By toevalling van die voordeel aan die lidgade word slegs die lidgade belas ooreenkomstig paragraaf (e) van die definisie van "bruto inkomste", saamgelees met die **Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet.**[27] Die lidgade word op die volle voordeel belas en nie slegs op die gedeelte waarop hy/sy geregtig is nadat betaling aan die nie-lidgade kragtens die hofbevel geskied het nie. Die bedrag wat deur die fonds kragtens die hofbevel aan die nie-lidgade betaal word, kan nie ooreenkomstig paragraaf (e) van die definisie van "bruto inkomste", saamgelees met die **Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet,**[28] in die hande van 'n nie-lidgade belas word nie aangesien dit aan 'n "nie-lid" betaal word. Daar word nie in die **Wysigingswet op Egskeiding**[29] voorsiening gemaak vir 'n agtende bepaling waarkragtens 'n "nie-lid" vir belastingdoeleindes geag word 'n lid te wees nie.

## 8.4 Belastingvrystelling ten gunste van die nie-lidgade

Die nie-lidgade kry volgens die Kommissaris van Binnelandse Inkomste, by ontvangs van die bedrag wat hom/haar kragtens die hofbevel toekom, 'n

---

27 Wet 58 van 1962.

28 Wet 58 van 1962.

29 **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989.

vrystelling kragtens artikel 10(1)(u) van die **Inkomstebelastingwet.**[30] Die artikel 10(1)(u) lui soos volg:

> Van belasting word vrygestel - 'n bedrag ontvang deur of toegeval aan iemand van so iemand se eggenoot of voormalige eggenoot by wyse van *toelae of onderhoud* van so iemand of enige kinders ingevolge 'n geregtelike bevel tot skeiding van tafel en bed of 'n egskeidingsbevel toegestaan a.g.v. geregtelike stappe na die een-en-twintigste dag van Maart 1962 vrygestel, of ingevolge die ooreenkoms van skeiding van tafel en bed na daardie datum aangegaan;" (eie kursivering)

Daar blyk heelwat ontevredenheid te heers oor die benadering wat uit artikel 10(1)(u) na vore kom. Die rede vir die ontevredenheid is dat die betaler van die onderhoud dit met na-belaste inkomste moet doen terwyl die ontvanger daarvan vrygestel is van belasting. Die party wat dus die eintlike voordeel daaruit ontvang word deur die artikel van belasting vrygestel. Dit word ter oorweging gegee dat die artikel gewysig behoort te word.

## 9 Implikasies by die dood of insolvensie van een van die gades

### 9.1 'n Nie-lidgade sterf voor die ontvangs van 'n "pensioenbelang"

Indien die nie-lidgade sterf voordat hy/sy enige betaling van die toegekende gedeelte van die pensioenbelang ontvang het, sal dit beteken dat sy/haar boedel later heropen moet word by die plaasvind van een van die ontvriesingsgebeurlikhede. Alhoewel die nie-lidgade se reg op pensioenbelang (wat meer is as bloot 'n **spes**) reeds by sy/haar dood vererfbaar is, sal die werklike oordrag daarvan uitgestel moet word tot die plaasvind van een van die ontvriesingsgebeurlikhede.[31] Dit is nog 'n rede waarom 'n bate of kapitaal gelykstaande aan die pensioenbelang eerder by egskeiding as

---

30 Wet 58 van 1962.

31 **Dies cedit** sal dus plaasvind by die dood van die nie-lidgade, maar **dies venit** sal eers plaasvind by die bepaalde ontvriesingsgebeurlikheid.

*vervangende bate* aan die nie-lidgade oorbetaal behoort te word, soos reeds hierbo aan die hand gedoen is.

### 9.2 Boedelbelastingimplikasies vir die lidgade

Indien die lidgade te sterwe kom voordat die pensioenbelang by normale aftrede betaalbaar word, sal die nie-lidgade se deel van die pensioenbelang ingevolge artikel 3(3)(a)*bis* van die **Boedelbelastingwet**[32] ingesluit word in die lidgade se boedel en sal die nie-lidgade se deel as 'n aftrekking ingevolge artikel 4(b) van dieselfde Wet kwalifiseer (naamlik as 'n eis teen die boedel).

### 9.3 Die beskerming van "pensioenvoordele"

Dit is belangrik om in ag te neem dat die restant van die pensioenvoordele wat by die afsterwe van die lidgade betaalbaar is nadat die bedrag wat aan die nie-lidgade oorbetaal moet word verreken is, nie deel uitmaak van die bates van die boedel van so 'n lidgade nie. Die voordele word regstreeks aan die afhanklikes en/of begunstigdes uitbetaal. Slegs waar 'n lidgade sterf sonder enige afhanklike(s) of benoemde(s) sal die trustees van die fonds die voordeel in die bestorwe boedel van die lidgade stort.[33]

Dieselfde beskerming wat 'n lidgade geniet ten opsigte van pensioenvoordele geld **mutatis mutandis** ten opsigte van 'n nie-lidgade aan wie 'n gedeelte of die geheel van 'n pensioenbelang ten tye van 'n egskeidingsgeding toegeken is, maar nog nie betaal is nie. Die nie-lidgade sal dus nie sy/haar gedeelte van die pensioenbelang wat nog in die fonds is, kan verminder, oordra, sedeer, verpand of andersins beswaar nie. Die voordeel is ook nie vir beslaglegging ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof vatbaar nie.[34]

---

32 **Boedelbelastingwet** 45 van 1955.

33 A 37C van die **Wet op Pensioenfondse** 24 van 1956.

34 A 37A van die **Wet op Pensioenfondse** 24 van 1956.

### 9.4 Insolvensie van die nie-lidgade

Die nie-lidgade geniet dieselfde beskerming as wat 'n lidgade geniet ten opsigte van pensioenvoordele by insolvensie. Indien die nie-lidgade se boedel gesekwestreer of oorgegee word, word enige sodanige voordeel of gedeelte daarvan wat deur die fonds aan die nie-lidgade betaalbaar is (dit wil sê wat nog in die fonds is), nie geag deel uit te maak van die bates van die insolvente boedel van die nie-lidgade nie en kan dit nie deur sy/haar skuldeisers in beslag geneem of toegeëien word nie.[35]

## 10 Die wyse waarop betaling moet geskied

Die **Wysigingswet op Egskeiding** skryf nie 'n spesifieke manier voor waarop betaling moet geskied nie. Artikel 7(6) reël slegs die posisie ten opsigte van huwelike buite gemeenskap van goed wat voor die inwerkingtreding van die **Wet op Huweliksgoedere** 88 van 1984 aangegaan is en waarvan gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en die aanwasbedeling uitgesluit is en waar die hof op grond van billikheid 'n oordrag van bates gelas. Die hof kan dan, op aansoek van die party teen wie die bevel gegee word, uitstel verleen tot voldoening aan die bevel op voorwaarde dat hy/sy sekerheid stel, rente betaal, reël vir betaling in paaiemente of die lewering of oordrag van bepaalde bates ten einde aan die bevel uitvoering te gee.

Aangesien die **Wysigingswet op Egskeiding**[36] nie voorsiening maak vir die wyse waarop betaling moet geskied by die plaasvind van die ontvriesingsgebeurlikheid nie, behoort die partye ten einde onbillikheid en/of latere probleme uit die weg te ruim, spesifiek in die skikkingsooreenkoms voorsiening te maak vir die wyse waarop betaling moet geskied. Artikel 7(8)(a) van die **Wysigingswet op Egskeiding** bepaal dat die hof 'n bevel

35 A 37B van die **Wet op Pensioenfondse** 24 van 1956.

36 **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989.

kan gee dat enige deel van die pensioenbelang wat aan die lidgade toegewys word, deur die fonds aan die nie-lidgade betaal moet word wanneer enige pensioenvoordeel daardie lidgade toeval. Tans geld die verpligte betaling ten tye van toevalling van die pensioenvoordeel soos bepaal in artikel 7(8)(a). Die effek hiervan is dat die lidgade met 'n kontant-vloeiprobleem opgesaal kan word. Waar slegs een derde by aftrede in kontant as enkelbedrag geneem mag word,[37] behoort die nie-lidgade ook slegs geregtig te wees op een derde van die enkelbedrag wat ten opsigte van sy/haar gedeelte van die toegekende "pensioenbelang" in kontant geneem is. Die res behoort in paaiemente betaalbaar te wees. Dit sal egter vir 'n fonds 'n administratiewe las meebring indien die fonds aan 'n nie-lidgade paaiemente moet betaal . Dit wil ook voorkom asof 'n hof in elk geval nie so 'n bevel teen 'n fonds mag gee nie, in die lig van die bewoording van artikel 7(8)(a) van die **Wysigingswet op Egskeiding**. Normaalweg sal die enkelbedrag van een derde aansienlik groter wees as die toegekende pensioenbelang, afhangende van hoe lank voor aftrede of ontvriesing die egskeiding plaasgevind het. Die enigste billike beperking sou dus wees dat daar nie 'n groter persentasie van die een derde-enkelbedrag aan die nie-lidgade betaal word as die persentasie van die pensioenbelang wat aan hom/haar toegeken is nie. Dit sou onbillik teenoor 'n lidgade wees om sy/haar volle enkelbedrag of 'n groot gedeelte daarvan aan die nie-lidgade te laat oor dra ten einde 'n egskeidingsbevel na te kom. Die nie-lidgade is boonop nie vir belasting op die pensioenvoodeel aanspreeklik nie tensy 'n verhaalsreg, soos hierbo genoem, in die skikkingsooreenkoms ten gunste van die lidgade beding word. Dit sal meebring dat die belasting wat deur die lidgade betaal word op 'n indirekte wyse van die nie-lidgade verhaal kan word.

---

37 A 1 omskrywing van Pensioenfonds par (c)(ii)(dd).

## 11 Moontlike probleemoplossing

Die grondrede vir die verdeelbaarheid van 'n "pensioenbelang" word oor die boeg gegooi van billikheid - wat saam opgebou is, behoort met beëindiging daarvan gedeel te word.

Die oogmerk is billikheid, maar probleme ten opsigte van rente, belasting, likiditeit en inflasie spreek tot die teendeel. Soos wetgewing tans daar uitsien, word die lidgade tot 'n pensioenfonds benadeel wat die belastingposisie aanbetref. Soos reeds aangedui, betaal hy/sy belasting op die volle "pensioenbelang", terwyl die nie-lidgade 'n vrystelling kry ten opsigte van die gedeelte wat hom/haar toeval.

'n Alternatief is natuurlik om 'n behoorlik opgestelde skikkingsooreenkoms aan te gaan en probleme wat moontlik kan opduik daarin te ondervang. Dit kan gedoen word deur die riglyne te gebruik wat hierbo voorgestel is met betrekking tot die opstel en inhoud van 'n skikkingsooreenkoms. 'n Fonds kan hom nie laat bind deur 'n egskeidingsbevel wat nie voldoen aan die voorgeskrewe vereistes nie. Dit blyk ook duidelik dat indien die skikkingsooreenkoms nie op 'n uitvoerbare manier en in ooreenstemming met die wet opgestel is nie, die uitwerking hiervan verreikend kan wees vir 'n persoon wat oor baie jare 'n "toegekende pensioenbelang" by egskeiding as sekuriteit met die oog op oudagvoorsiening opgebou het. Die bedrag wat uiteindelik aan hom/haar oorbetaal word kan dus aansienlik minder wees as waarop hy/sy gereken het.

Uitruiling van bates kan as 'n alternatief oorweeg word. Daar moet ook onthou word dat 'n hofbevel ingevolge artikel 7(8)(a) van die **Wysigingswet op Egskeiding** slegs as 'n laaste uitweg aangewend moet word indien 'n lidgade geen ander bron het waaruit 'n vordering met betrekking tot die verdeling van die bates van die onderskeie gades gedelg kan word nie. Hieroor het die Regskommissie in 1995 'n aanbeveling gemaak wat inhou dat die **Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989 gewysig moet word deur die invoeging van 'n voorbehoudsbepaling tot artikel 7(8), tot die effek dat die

verdeling van pensioengeld beperk moet word tot gevalle waar daar geen ander bevredigende wyse is om 'n verdeling van bates te bewerkstellig nie. Dit is beter om die pensioenbelang nie slegs as 'n persentasie aan te dui nie, maar die bedrag as sodanig behoorlik te identifiseer, byvoorbeeld: R30 500 (dertig duisend vyfhonderd rand). Dit is prakties makliker uitvoerbaar om ten tye van egskeiding 'n bate (byvoorbeeld 'n motor) van gelyke waarde as die toegekende pensioenbelang, te ruil vir die toepaslike gedeelte van die toegekende pensioenbelang. Die waarde van die bate hoef nie noodwendig presies gelyk te wees aan die toegekende pensioenbelang nie, aangesien die nie-lidgade die voordeel nou reeds by egskeiding kan geniet in ag genome die inflasie, rente en belastingprobleme wat hiermee gepaard gaan. Die voordeel van so 'n uitruiling is dat die nie-lidgade onmiddellik oor die bate kan beskik. Enige probleme ten opsigte van inflasie ná rente word sodoende uitgeskakel en indien hy/sy sou sterf voor ontvangs van die toegekende pensioenbelang, kan sy/haar boedel afgehandel word sonder onnodige vertraging.[38] Dit voldoen ook aan die "clean break"-gedagte wat by egskeiding nagestreef word.[39]

## 12 Slotgedagte

Dit wil voorkom asof die uitdrukking "tot die dood ons skei ..." 'n belofte is wat nie sommer deur egskeiding beëindig kan word nie. 'n Geskeide lidgade wat aan 'n pensioenfonds behoort, besef eers die uitwerking van hierdie woorde by die plaasvind van een van die reeds genoemde ontvriesingsgebeurlikhede. Hy/sy mag dan eers besef wat die implikasies van "oudagvoorsiening" werklik beteken. Dit is die plig van elke regsadviseur

---

38 Sien par 9.1.

39 Vgl bv **Grasso v Grasso** 1987 1 SA 48 (K).

om ingelig te wees oor hierdie onderwerp wat met groot omsigtigheid in die beste belang van 'n kliënt hanteer moet word.

**SUMMARY**

**The calculation of non-members' pensionable interest at divorce**

Since the inception of the **Divorce Amendment Act** in 1989 a lot has been said as to precisely how the non-member spouse's interest is calculated if two parties decide that the divorce court is their only alternative. What is the correct definition of "pensionable interest", what is included in the definition of "pension fund" and does a divorce order bind the pension fund to act according to the settlement agreement between the parties? The aim of this article is to offer a practical solution to this and a number of other vexed questions which can be used as a guideline by practitioners that roam the hallways of the divorce courts of this country.

Looking at the definition of "pensionable interest" in the **Divorce Amendment Act**: in a nutshell it means the benefit that a member will be entitled to if he/she resigns from the fund on the day of his/her divorce. The non-member spouse, according to the **Amendment Act**, will be entitled to half of the member's now fixed benefit. No fund can be bound to pay more than this benefit to the non-member spouse. The non-member spouse does not have any claim for future contributions or to any growth or interest on this allocated amount. This constitutes a problem for the non-member spouse in that the future value of his/her money will be far less than on the date of the divorce. It is therefore essential, and in both parties' interest, that any settlement agreement between them is drafted carefully and correctly. Provision should be made for tax on the amounts because the member spouse will pay tax on the whole amount with a negative effect on the nett amount he/she will ultimately receive.

The alternative to this potentially difficult and mostly unfair situation is that asset swaps can be used to avoid this potential chaos. This means that once the non-member spouse's benefit is calculated according to the definition referred to above, assets to the same value can be used instead to settle the matter. There will be no inflation, interest or tax problems and the member spouse can continue with his/her retirement fund without any burdens. This suggestion is also compatible with the "clean break" principle, which is an important consideration in divorce cases.

# 13 BRONNELYS

## 13.1 Tydskrifartikels


Fick 1990 **TRW**

Fick GH "Pensioenverrekening tussen gades met egskeiding" 1990 **Tydskrif vir Regswetenskap** 57-113

Labuschagne 1990 **Insurance and Tax**

Labuschagne L "The Divorce Amendment Act, 1989" 1990 **Insurance and Tax** 8-17

Phillips 1990 **BML**

Phillips M "Divorcees and pension benefits, when spouses and money part" 1990 **Businessman's Law** 153-155

Potgieter 1992 **De Rebus**

Potgieter F "Die verdeling van 'n persoon se pensioenbelang by egskeiding" 1992 **De Rebus** 135-137

Sonnekus 1989 **TSAR**

Sonnekus JC "Pensioenverwagtings en onderhoud na egskeiding in versorgingsregtelike in plaas van vermoënsregtelike konteks" 1989 **Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg** 326-352

Stander 1989 **De Rebus**

Stander U "Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989: verdeling van pensioenverwagtinge by egskeiding" 1989 **De Rebus** 853-857

## 13.2 Verslae en Ander

SA Regskommissie **Pensioenvoordele**

Suid-Afrikaanse Regskommissie **Ondersoek na die Moontlikheid om Voorsiening te maak dat 'n Geskeide Vrou in die Pensioenvoordele van haar Voormalige Gade kan deel: Aspekte Rakende die Wysigingswet op Egskeiding, 7 van 1989** Werkstuk 43 Projek 41

**SANLAM** Regsdiens: Korporatief

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Maatskappy Beperk (SANLAM) Regsdiens: Korporatief **Interne omsendskrywes met riglyne en konsepklousules met betrekking tot skikkingsaktes tussen partye in egskeidingsgedinge** (ook met erkenning aan Elsjemar Brönn)

## 13.3 Register van Regspraak

**Grasso v Grasso** 1987 1 SA 48 (K)

## 13.4 Register van Wetgewing

**Boedelbelastingwet** 45 van 1955.

**Inkomstebelastingwet** 58 van 1962.

**Wet op Egskeiding** 70 van 1979

**Wet op Huweliksgoedere** 88 van 1984

**Wet op Pensioenfondse** 24 van 1956

**Wysigingswet op Egskeiding** 7 van 1989